

Elma Cornelius

Die verhouding tussen Klassieke retoriek en epistolografie

Abstract

The objective of this article is to determine the relationship between Classical rhetoric and epistolography. Both epistolographical and rhetorical studies of letters are found among scholars. Some scholars prefer to work only epistolographically and others only rhetorically. The problem arises when some scholars try to combine these two perspectives, resulting in an approach in which the body of the letter is studied rhetorically and the letter opening and closing epistolographically. As an aid to determine the relationship between these two disciplines, a short summary of the theoretical frameworks of each is given and the Classical textbooks on both disciplines are studied. Once the relationship has been made clear, the article is concluded by proposing rhetoric as the framework for the interpretation of the communicative function of letters and epistolography as the framework for the interpretation of the form of letters.

1. Inleiding

In die navorsingstradisie is daar uiteenlopende standpunte oor wat retoriek en epistolografie is en oor die wyse waarop die verhouding tussen die twee beskou moet word. Sowel retoriese as epistolografiese benaderings tot briefinterpretasie word in die literatuur aangetref (kyk Thurén, 1990:57-64), terwyl daar 'n bepaalde spanning tussen hierdie benaderings heers.

Om retoriek te definieer, is reeds 'n moeilike saak, aangesien daar al in die Klassieke retoriese sisteem baie definisies hiervoor voorgestel is. Aristoteles (*Ars Rhetorica* i,ii,1), definieer retoriek as δύναμις περὶ ἕκαστον τοῦ θεωρησαὶ τὸ ἐνδεχόμενον πιθανόν (die vermoë om die geskikte oortuigingsmiddel te vind vir elke argument). Corbett (1965:20) maak 'n moderne rekonstruksie van die Klassieke retoriek en definieer retoriek as “the use of language for persuasive purposes”. Uit die nuwe retoriek kom die definisie van Perelmann en Olbrechts-Tyteca (1969:6), naamlik “the art of all argumentation”.

Ook met betrekking tot die epistolografie bestaan daar meerdere opvattinge, afhankende van die wyse waarop die aard van die briewe en die objek van die ondersoek verstaan word. Die een moontlike definisie is formalisties, waarin die brief aan die hand van brieffrases en briefdele geïnterpreteer word (byvoorbeeld White, 1984 en Doty, 1973). Die ander definisie waarvolgens brieffipes onderskei word, is tipologies van aard (byvoorbeeld Stowers, 1986).

Na aanleiding van die spanning tussen hierdie twee benaderings tot briefinterpretasie, onderskei Thurén (1990:57-64) drie basiese benaderings:

- * 'n Benadering waarvolgens die brief slegs in terme van epistolografiese kategorieë geïnterpreteer word (byvoorbeeld White, 1972; 1984).
- * 'n Benadering waarin retoriek oorheers (byvoorbeeld Berger, 1974, Kraftchick, 1985 en Johanson, 1987).
- * 'n Benadering waarin sowel die retoriek as die epistolografie figureer (byvoorbeeld Wuellner, 1976 en Stowers, 1986).

White (1972; 1984) is 'n eksponent van Thurén se eerste kategorie. Hy benader die brief in sy geheel (inleiding, liggaam en slot) vanuit die epistolografie. 'n Belangrike kenmerk van White se benadering is dat hy spesifiek aandag skenk aan tipiese oorgangsfrases en oorgangsformules. Hy identifiseer byvoorbeeld καὶ νῦν ... γράφω... (en nou skryf ek) as 'n tipiese oorgang na die inleiding van die briefliggaam (White, 1972:6).

Eksponente van Thurén se tweede kategorie is onder andere Berger (1974), Betz (1979), Kennedy (1984), Hester (1984) en Kraftchick (1985). Kennedy byvoorbeeld hanteer die brief Galasiërs as 'n argument, behandel die oortuigingsmiddele binne die dele van die argument en kyk na die funksie(s) daarvan. Hester maak ook 'n suiwer retoriese analise wanneer hy Galasiërs 1:11-2:14 interpreteer. Betz bestudeer Galasiërs se inleiding en slot epistolografies, maar interpreteer die res van die brief retories.

Wuellner (1976) asook Schnider en Stenger (1987) se werke is voorbeelde van Thurén se derde kategorie. Hulle wend 'n duidelike poging aan om meer funksioneel te werk te gaan en in die proses kombineer hulle elemente vanuit die epistolografie en retoriek. Thurén (1990) se eie werk hoort ook tuis in hierdie derde kategorie.

In moderne studies word die probleem rondom die verhouding tussen die epistolografie en die retoriek lukraak gehanteer. In talle analises lyk dit asof die begin en die einde van 'n brief epistolografies bestudeer word terwyl die briefliggaam retories bestudeer word. So dui Snyman (1989) byvoorbeeld in die opskrif van sy artikel aan dat hy 'n retoriese analise van die Filemon-brief wil maak. In

sy afbakening tipeer hy Filemon 1-3 eger as die “briefinleiding” en Filemon 23-25 as die “groete”. Hy gebruik dus epistolografiese terminologie vir die benoeming van hierdie twee briefdele. Die res van die brief analiseer hy as *exordium* (Filemon 4-10), *probatio* (Filemon 11-16) en *peroratio* (Filemon 17-22). Hier werk hy dus met terminologie vanuit die retoriek. Hy maak dus 'n epistolografiese analise van die een deel van die brief en 'n retoriese analise van die oorblywende dele van die brief. Dit kom voor asof hy alleenlik die ‘briefliggaam’ as 'n retoriese handeling beskou omdat slegs hierdie gedeelte in terme van retoriese kategorieë beskryf word.

Hübner (1984:241-250) hanteer ook die vraag na hierdie verhouding in sy bespreking van Betz (1979) se kommentaar op Galasiërs. Volgens Hübner (1984:246) kombineer Betz die brief en toespraak in Galasiërs omdat Paulus argumenterend skryf. Tog sê Betz nie eksplisiet hoe retoriek en epistolografie verband hou nie. Hübner stel voor dat Galasiërs beskou moet word as die teenwoordigstelling (brieffunksie) van Paulus se ooredingspoging (retoriese handeling). Hübner sluit hom hier aan by Koskenniemi (1956:38-41) wat *παρουσία* (teenwoordigstelling) as die hooffunksie van die antieke brief beskou. Tolmie (1986:19-37) stel dieselfde vraag: as sowel die retoriek as die epistolografie 'n rol moet speel by die interpretasie van byvoorbeeld briewe, wat moet die verhouding tussen die twee wees? En as antwoord hierop, vereenselwig Tolmie hom met Hübner se voorstel hierbo.

Hierdie probleem rondom die verhouding tussen retoriek en epistolografie kan in die volgende vrae saamgevat word:

- * Hoe word 'n brief hanteer binne die retoriese sisteem soos wat dit in Klassieke retoriese handboeke beskryf is?
- * Word die Klassieke retoriek in die epistolografiese handboeke vermeld?

Hierdie vrae kan eger veel breër gestel word en soos volg uitgebrei word:

- * Wat is retoriek en watter rol speel briewe hierin?

Om in staat te wees om die lyn vanaf epistolografie na retoriek deur te trek, word eerstens 'n kort uiteensetting gegee van die aard van die Klassieke epistolografie en retoriek. Daarna word die verskeie Klassieke handboeke oor die epistolografie en retoriek bespreek om te bepaal wat die verhouding van hierdie twee dissiplines tot mekaar is.

2. Die teorie van die antieke epistografie

Die volgende vier aspekte van die epistografie word in die epistografiese handboeke hanteer: die definisies van 'n brief, brieftipes, briefstyle en die karakterisering van die aard van 'n ideale brief.

Met betrekking tot die definisies van 'n brief, benader die antieke teoretici die saak funksioneel en gekategoriseer 'n brief volgens die funksie wat dit vervul. Die volgende funksies word onder andere uitgesonder om 'n brief te klassifiseer.

- * Die brief word beskou as die een helfte van 'n dialoog (Demetrius, *De Elocutione* 223) of 'n plaasvervanger vir 'n dialoog (Cicero, *Ad Familiares* 12,30,1).
- * Deur 'n brief praat 'n afwesige vriend asof hy teenwoordig is (Cicero, *Ad Familiares* 2,4,1; Seneca, *Epistulae* 75,1; Pseudo-Libanius, *Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες* 2,58; Julius Victor, *De Epistulis*).
- * Die brief is 'n toespraak in 'n geskrewe medium (Cicero, *Ad Atticum* 8,14,1; 9,10,1; 12,53; Seneca, *Epistulae* 75,1).
- * 'n Brief reflekteer die persoonlikheid van sy skrywer (Cicero, *Ad Familiares* 16,16,2; Seneca, *Epistulae* 40,1; Demetrius, *De Elocutione* 227; Filostratos, *De Epistulis*).

'n Verdere funksionele benadering kom na vore wanneer hierdie teoretici die verskillende brieftipes afbaken. Onder hierdie brieftipes, afhangende van die funksie van die brief, word onder andere die volgende uitgesonder: *litterae publicae* (amptelike briewe) en *privatae* (private briewe) (Cicero, *Pro Flacco* 37); die φιλικός (vriendskaplike brief) συστατικός (aanbevelende brief), μεμπτικός (blamerende brief), όνειδιστικός (verwytende brief) en die παραμυθητικός (vertroostende brief) (Pseudo-Demetrius, Τύποι Ἐπιστολικῶν).

Hierdie verskillende brieftipes het egter ook gepaste styl(e) gehad en die aard van hierdie verskillende stylsoorte word byvoorbeeld soos volg beskryf: **kernagtig** (Demetrius, *De Elocutione* 228; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51,1-5; Julius Victor, *De Epistulis*; Pseudo-Libanius, *Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες* 50), **duidelik** (Demetrius, *De Elocutione* 226; Filostratos, *De Epistulis*; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51,4; Julius Victor, *De Epistulis*; Pseudo-Libanius, *Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες* 48-49) en **aanpasbaar** by die omstandighede en die gemoedstemming van die skrywer (Cicero, *Ad Familiares* 2,4,1; 4,13,1; *Ad Atticum* 9,4,1; Demetrius, *De Elocutione* 234; Demetrius, *prooemium*: Filostratos; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51,4.).

Oor die vorm van briewe maak slegs Julius Victor (*De Epistulis*) die opmerking dat die inleiding en slot van briewe volgens die konvensie geskryf moet word.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat antieke teoretici sowel formeel as funksioneel na briewe gekyk het – formeel in dié opsig dat daar aandag gegee is aan styl en vorm, en funksioneel in dié opsig dat briefstipes en die aard van briewe beskryf is (kyk ook Stowers, 1988:78). Die vraag is egter in hoe 'n mate teoretici ook aan die retoriek aandag gegee het in hul epistolografiese handboeke.

3. Die plek van die retoriek in epistolografiese handboeke

Die gepaste styl waarin briewe geskryf behoort te word, word breedvoerig bespreek in die twee handboeke *Τύποι Ἐπιστολικοί* van Pseudo-Demetrius en *Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτῆρες* van Pseudo-Libanius.

3.1.1 Pseudo-Demetrius

Die handboek van Pseudo-Demetrius (*Τύποι Ἐπιστολικοί*) beskryf een-en-twintig briefstipes met 'n voorbeeld van elk. Hierdie handboek is 'n uiteensetting van briefstyle wat pas by verskillende omstandighede en gemoedstemmings. Hy bespreek onder andere die *μεμπτικός* (blamerende tipe) (paragraaf 3), *ἐπιτιμητικός* (berispende tipe) (paragraaf 6) en die *νοθετητικός* (vermanende tipe) (paragraaf 7).

Die voorbeelde wat Pseudo-Demetrius by elk van hierdie drie tipes briewe gee, hou almal verband met 'n situasie waarin 'n onregdoener tereggewys of aangemoedig word tot 'n beter optrede of om 'n beter waardesisteem aan te hang.

Hierdie aanmoediging was 'n welbekende verskynsel in die Klassieke retoriek. Die fokuspunt van die Klassieke retoriek was juis die oortuiging, vermaning of aanmoediging van die hoorder of leser tot 'n positiewe optrede of waardesisteem.

Alhoewel sake uit die antieke epistografie dus verband hou met sake uit die Klassieke retoriek, skyn die oogmerk van hierdie handboek van Pseudo-Demetrius egter te wees om sy leser in die epistografie te onderrig.

3.1.2 Pseudo-Libanius

Die *Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτῆρες* bevat 'n algemene definisie van die brief, definieer een en veertig briefstipes, gee die gepaste briefstyle vir elke briefstipe en verstrekk 'n voorbeeld van elke briefstipe. Die handboek bestaan uit twee dele: 'n teoretiese bespreking en 'n versameling modelbriewe as voorbeelde.

Sowel die teoretiese as die praktiese gedeeltes van hierdie handboek toon 'n toenemende belangstelling in die retoriek. Malherbe (1988:5) motiveer hierdie stelling aan die hand van die volgende argument: alhoewel Pseudo-Libanius nie die adviesbrief (συμβουλευτικός) as 'n afsonderlike brieffipe in sy handboek (Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες, § 5) beskryf nie, hervat hy tog die retoriese debat oor die verskil tussen die adviserende brief (συμβουλευτικός) en die brief van vermaning (παρανετική), wanneer hy die brief van vermaning behandel. Libanius (paragraaf 5) maan dat hierdie twee brieffstyle nie verwar moet word nie. Terwyl die styl van vermaning (παρανετική) (byvoorbeeld: 'ons moet God eer') nie ruimte laat vir 'n teenargument nie, laat die adviserende styl (συμβουλευτικός) (byvoorbeeld: 'ons moet oorlog voer, want ons kan baie daarby baat') wel ruimte vir 'n teenargument. Malherbe (1988:10,45) meen dat dit duidelik uit antieke geskrifte (soos onder andere Syranus, *Scholia in Hermogenem* 2,192) blyk dat die onderskeid tussen die παρανετική (brief van vermaning) en die συμβουλευτικός (brief van advies) 'n onderwerp was waarvoor retorici gereeld gedebatteer het.

Dit is dus duidelik dat die skrywers van hierdie twee handboeke oor die epistolografie deeglik vertrouwd moes wees met die retoriese diskussies van hul tyd. Tog was die doel van hierdie handboeke beslis nie om 'n retoriese teorie te ontwerp nie. Met die fokus hoofsaaklik op die identifisering van die verskillende brieffipes, word dit ook nie op grond van retories-literêre of stilistiese kenmerke gedoen nie, maar vanuit 'n sosiologiese perspektief (Stowers, 1988:78). Die vraag is nou of die omgekeerde ook waar is, naamlik of retorici vertrouwd was met die epistolografie van hul tyd en in watter mate hulle daardeur beïnvloed is.

4. Die teorie van die antieke retoriek

Botha (1989:18) waarsku tereg dat “classical rhetorics is a highly developed intellectual activity and practice stretching over several centuries ... it might very easily be misrepresented ... if we try to systemize ... it ...”. 'n Kort samevatting kan dus uiteraard nie reg laat geskied aan alle nuanses en ontwikkelinge binne hierdie komplekse en gesofistikeerde wetenskap nie. Binne die dissipline van retoriek word die volgende sake hanteer:

- * Retoriese genres.
- * Take van die redenaar.
- * Toespraakdele.
- * Die funksies en temas van die toespraakdele.
- * Oorredingsmiddele.
- * Stylsoorte.

- * Die statusleer.

Vir die doel van hierdie artikel word slegs die definisies van retoriek en die verskillende stylsoorte hanteer in 'n poging om die plek van epistolografie in hierdie wetenskap te bepaal.

4.1 Definisies van retoriek

Aristoteles (*Ars Rhetorica* ii,ii) definieer retoriek soos volg:

Ἔστω δὴ ῥητορικὴ δύναμις περὶ ἕκαστον τοῦ θεωρηῆσαι τὸ ἐνδεχόμενον πιθανόν. (Retoriek is die vermoë om die geskikte oortuigingsmiddele te vind met betrekking tot enige onderwerp.)

Quintilianus (*Institutio Oratoria* 2,15-21) definieer retoriek soos volg:

Scientia bene dicendi. (Retoriek is die vermoë van welsprekendheid.)

Op grond van hierdie definisies skyn dit asof die dissipline van retoriek as oor-koepelend beskou is vir alle kommunikasievorme. Hierdie wetenskap is daarop toegespits om die vermoë van goeie en effektiewe kommunikasie te verbeter. Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat ook briefwisseling 'n definitiewe plek ingeneem het in die retoriese dissipline, alhoewel die retoriese sisteem hoofsaaklik toegespits is op toesprake, en in die besonder op regstoepsprake.

4.2 Stylsoorte

Aristoteles (*Ars Rhetorica* iii,i) en Cicero (*De Oratore* 37-39) behandel die volgende stylsoorte:

- * ἀδρός/*grave* (verhewe styl)
Die verhewe styl behels hoofsaaklik die gebruik van die Attiese styl.
- * μέσος/*medium* (middelstyl)
Die middelstyl is 'n middeweg tussen die verhewe en die gewone styl.
- * ἰσχνός/*humile* (gewone styl)
Die gewone styl behels die gebruik van Koine-Grieks en eenvoudige uitdrukkings.

Binne die grense van hierdie stylsoorte sou ook die brief geklassifiseer kon word as 'n vorm van kommunikasie wat in die gewone styl geskryf moet word. Demetrius (*De Elocutione* 223) maak dit byvoorbeeld duidelik dat die brief eenvoudig moet wees.

Alhoewel voorbeelde en toepassings in die antieke retoriese sisteem hoofsaaklik toegespits is op die formulering van regstoesprake, blyk dit asof die skryf van briewe ook hieronder sou kon ressorteer. Dit lyk egter of die skryf van briewe eers werklik klem ontvang het toe mondelinge kommunikasie vanweë verskeie omstandighede plek moes maak vir geskrewe kommunikasie.

5. Die plek van die epistolografie in die Klassieke retoriek

Om te bepaal watter plek die epistolografie in die Klassieke retoriek ingeneem het, word daar nou ondersoek ingestel na die hantering van die epistolografie deur skrywers wat teoretiese geskrifte oor die retoriek geskryf het.

5.1 Demetrius

Dat die skrywer van *Περὶ Ἑρμηνείας*, Demetrius, bekend was met retoriese werke, blyk heel waarskynlik te wees. Grube (1965:110) meen dat die skrywer van *Περὶ ἑρμηνείας* persoonlik bekend was met die relevante werke van Aristoteles en Teofrastos. Die vraag is nou: waar pas die brief en briefteorie in binne die raamwerk van die retoriek, waarmee Demetrius waarskynlik vertrou was?

Die inhoud van die *Περὶ ἑρμηνείας* kan soos volg saamgevat word:

Paragraaf	1-35:	die struktuur van sinne, sinsdele en periodes
	36-304:	die vier style van (mondelinge) redevoering
	36-37:	die teorie van die vier style
(1)	38-113:	μεγαλοπρέπος (die verhewe styl)
	114-127:	γειτνιῶν (die stywe of kil styl)
(2)	128-185:	γλαφυρὸς λόγος (die elegante styl)
	186-189:	κακόζηλον (die geaffekteerde styl)
(3)	190-235:	ἰσχνότητος (die eenvoudige styl)
	236-239:	ξηρὸς (die droë styl)
(4)	240-301:	δεινός (die kragtige styl)
	302-304:	ἄχαρις (die onplesierige styl)

Eers wanneer Demetrius die eenvoudige styl behandel, kom die brief ter sprake. Hier beveel hy aan dat die aard van die brief (*ἐπιστολικὸς χαρακτήρ*) normaal-

weg die eenvoudige styl vereis, maar soms met die elegante styl vermeng kan word.

Dit lyk dus of Demetrius die brief beskou as 'n genre met sy eie teorie wat slegs vermelding noodsaak wanneer die gepaste styl daarvoor in besonder bespreek word.

Dit kom voor of die brief binne die retoriese sisteem beskou is as 'n vorm van kommunikasie waardeur die skrywer sy ooredingswerk kon doen. Daarom vind die bespreking van die brief hier in die *Περὶ ἐπιμεινείας* sy plek onder die bespreking van die gepaste styl vir die brief. In hierdie opsig het hierdie twee dissiplines dus in 'n mate oorvleuel.

5.2 Cicero

Of Cicero hom spesifiek oor die epistolografie uitgelaat het, is nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat Cicero bewus was van 'n Griekse briefskryfsisteem: iets wat duidelik blyk uit sy persoonlike briewe aan verskillende persone. Cicero onderskei byvoorbeeld tussen openbare (*litterae publicae*) en private briewe (*litterae privatae*) (*Pro Flacco* 16, 37). Hy praat van *genera epistularum* (*Ad Familiares* 4,13,1) en van die gebruik van spot (*iocari*) in 'n sekere tipe brief (*Ad Atticum* 6,5,4). Cicero beskryf ook 'n brief as 'n medium waardeur 'n afwesige persoon teenwoordig gestel word (*Ad Familiares* 3,11,2).

Wanneer hy hom wel oor die brief uitspreek, vorm dit nie deel van 'n epistolografies-teoretiese sisteem nie; dit is slegs 'n sekondêre bron oor die briefteorie. Cicero, die retorikus (kyk sy groot werke soos *De Inventione*, *Ad Herrenium* en *De Oratore*), het oor genoegsame kennis van die epistolografie beskik om die praktyk van briefskryf te kon beoefen. Tog het die epistolografie nie formeel deel gevorm van die retoriese sisteem soos hy dit beskryf het nie.

5.3 Seneca

Soos in die geval van Cicero, gee Seneca nêrens in sy geskrifte wat behoue gebly het, enige formeel-teoretiese bespreking van briefteorie nie. Hy skryf egter wel 'n hele aantal briewe (kyk sy *Epistulae Morales*). Uit sy praktyk van briefskryf kan daar wel die een en ander afgelei word oor teoretiese sake en oor sy opvattinge oor die aard van 'n brief. So skryf hy byvoorbeeld dat die brief die afwesige persoon vir sy vriend aanwesig maak (*Epistulae Morales* 40,1) en dat die brief soos 'n gesprek met 'n vriend is (*Epistulae Morales* 75,1-2).

5.4 Gregorius van Nazianzus

In sy *Epistula 51* bespreek Gregorius van Nazianzus die brief, aangesien Nikobolos hom in hierdie verband uitgevra het. Gregorius skryf oor die gepaste lengte (paragraaf 1-2) en die kenmerke van 'n brief (paragraaf 3-6). Ook in hierdie geval vorm dit nie deel van 'n teoretiese sisteem nie.

5.5 Julius Victor

Die eerste keer wat die epistolografie formeel as deel van die *Ars Rhetorica* bespreek word, is wanneer Julius Victor (vierde eeu) aan die einde van sy handboek oor die retoriek twee bylaes, naamlik die *De Sermocinatione* en *De Epistulis*, daarby aanheg. Ter inleiding van *De Epistulis* noem hy dat sommige van die riglyne vir toesprake ook op briewe toegepas kan word.

Alhoewel die epistolografie in hierdie geval as deel van die retoriese sisteem behandel is, dui die feit dat dit slegs 'n bylaag is aan dat dit nie behoorlik ingepas het in die besprekings van die retoriek nie (Malherbe, 1988:3).

5.6 Quintilianus

Quintilianus, die grootste Romeinse leermeester oor die retoriek, het verskeie werke nagelaat, waaronder *Institutio Oratoria* (Leeman & Braet, 1987:34-35). As handboek vir leerlinge in die retoriek behandel die *Institutio Oratoria* die Klassieke retoriese teorie in twaalf boeke. In boek 9 (4,19) word die brief slegs vermeld wanneer Quintilianus dit as voorbeeld van die losser styl vermeld. Dit is weereens 'n geval, soos by Demetrius, waar die briefstyl as voorbeeld van die eenvoudige styl gegee word. Tog gaan hy nie verder in op enige aspek rondom die teorie van briefskryf nie.

5.7 Aristoteles

Alhoewel Aristoteles op geen plek die verhouding tussen retoriek en epistolografie eksplisiet bespreek nie, kom hierdie verhouding tog aan die orde wanneer hy in *Ars Rhetorica* (iii,xii,1) skryf dat die styl van die verskillende soorte retoriek verskil. Waarskynlik bedoel hy hiermee die drie retoriese genres. Tog sorteer hy onder hierdie drie retoriese genres die verskillende hoofgenres, naamlik geskrewe kommunikasie (byvoorbeeld 'n brief), poësie en toesprake. Dit wil dus voorkom of Aristoteles moontlik die brief beskou het as 'n onderdeel van die retoriek.

6. Die verhouding tussen die 'Klassieke' retoriek en die 'Klassieke' epistolografie

Malherbe (1988:2-6) maak dit duidelik dat brieffteorie in die antieke tyd binne die domein van die retorici geval het. Tog was dit nie amptelik deel van die teoretiese sisteem van die retoriek nie, aangesien brieffteorie afwesig is in die vroeëre retoriese handboeke van onder andere Aristoteles, Cicero en Quintilianus. Aan die ander kant bevat die epistolêre handboeke van Pseudo-Demetrius en Pseudo-Libanius nie retoriese teorie nie.

Wanneer die Klassieke definisies van retoriek bestudeer word, word dit duidelik dat retoriek nie slegs beperk was tot een medium of tot die eksterne vorm van 'n toespraak nie, maar dat dit toepaslik was op enige vorm van kommunikasie – alhoewel die toepassing op die vlak van regstoepsprake was. Retorici kon ook hul oortuigingswerk deur middel van briewe doen. Retorici moes dus noodwendig aan die epistolografie aandag skenk.

Dit is duidelik dat die praktyk van briëfskryf van belang was vir die retorici, asook vir diegene wat met retoriese werke bekend was. Tog is die epistolografie as sodanig nie formeel as 'n onderafdeling van Klassieke retoriese sisteme behandel nie. Hoe die verhouding tussen die retoriek en die epistolografie beskou moet word, word ook nêrens eksplisiet bespreek nie.

7. 'n Voorstel vir die hantering van die verhouding tussen retoriek en epistolografie

Retoriek kan gedefinieer word as die vermoë om die korrekte of gepaste oortuigingsmiddele met betrekking tot enige onderwerp te vind, met die doel om te oorreed. Watter genre gebruik word om te oorreed, word bepaal deur die retoriese situasie. Dit sluit ook nou aan by die funksie van die brief. Die brief word deur antieke teoretici as 'n toespraak in 'n geskrewe medium beskryf, dit wil sê as 'n plaasvervanger vir die dialoog, omdat daar afstand tussen die skrywer en leser bestaan.

Soos die toespraak, is die brief 'n retoriese handeling, maar wel 'n retoriese handeling in geskrewe vorm. Die Ἐπιστολικὸς Χαρακτήρ behoort dus tot die retoriek en daarom is elemente van 'n toespraak ook in die brief teenwoordig. So is daar elemente van die *exordium* (inleiding van 'n toespraak) teenwoordig in die 'briefinleiding'. Op dieselfde wyse is elemente van die ander retoriese dele (byvoorbeeld die *narratio*, *propositio* en *argumentatio*) in die 'brieffliggaam' teenwoordig. Eweneens is elemente van die *peroratio* (slot van 'n toespraak) in die 'briefslot' teenwoordig. Daarom kan daar geen definitiewe onderskeid getref word tussen die dele van 'n toespraak en dié van 'n brief nie.

Vorster (1991:74) identifiseer die probleem rondom die verhouding tussen retoriek en epistolografie as die probleem om die *genre* spesifiek te bepaal. Daar bestaan die neiging onder akademici om die struktuur van briewe af te baken om sodoende die genre daarvan te bepaal. Stowers (1986:51-57) waarsku egter dat alle brieftypes nie simplisties binne die retoriese genre geplaas kan word nie. Vorster (1991:76) beskou hierdie probleem om alle brieftypes binne die retoriese genre te plaas, nie as 'n teken dat die epistolografie 'n uniekheid besit wat die retoriek nie besit nie, maar as 'n teken dat die antieke genre-teorie moontlike tekortkominge het.

Die epistolografie blyk dus 'n *onderafdeling* van die retoriek te wees. Alles in die epistolografie is retoriek in dié sin dat dit wil kommunikeer, terwyl alle retoriek uit die aard van die saak nie epistolografie is nie.

Daar bestaan 'n noue verband tussen die epistolografie en die retoriek en daarom is die kombinasie van retoriek en epistolografie die ideaal by die interpretasie van briewe, veral wanneer dit die ideaal is om nie slegs formalisties te werk te gaan nie, maar om ook die kommunikatiewe funksie binne die retoriese situasie te bepaal.

By die gelyktydige toepassing van retoriek en epistolografie op briewe, sal dit nie belangrik wees of die inleiding van die brief *exordium* ('n retoriese kategorie) of *briefinleiding* ('n epistolografiese kategorie) genoem word nie, maar is dit belangrik om binne hierdie deel van die brief en in die geheel die kommunikatiewe funksie van die brief te bepaal. Retoriek is ondersteunend ten opsigte van die bepaling van die *funksie* – ook binne die brief.

Dié lyn kan egter ook verder deurgetrek word en die volgende vraag behoort tot 'n interessante studie te lei: wat is die verhouding tussen retoriek en ander genres, byvoorbeeld poësie en narratiewe tekste?

8. Gevolgtrekking

Uit hierdie artikel het dit duidelik geword dat die Klassieke retoriek en epistolografie as verwysingsraamwerke by die interpretasie van briewe op tweërlei wyses aangewend kan word:

- * Formeel: waar veral die epistolografie van nut is in die identifisering van tipiese briefdele en brieffrases.
- * Funksioneel: waar veral die retoriek van nut is in die bepaling van die kommunikatiewe funksies van die brief (deur byvoorbeeld die ontleding van die retoriese situasie en die bepaling van status).

Literatuurverwysings

- Aristoteles, Horatius Longinus. *Ars Rhetorica*. (Loeb Classical Library.) London : William Heinemann. 1947.
- Berger, K. 1974. Apostelbrief und apostolische Rede: Zum Formular frühchristlichen Briefe. *Zeitschrift für die Neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der Älteren Kirche*, 65:190-231.
- Betz, H.D. 1979. *Galatians. A Commentary on Paul's Letter to the Churches in Galatia*. Philadelphia : Fortress Press.
- Botha, J. 1989. On the "Reinvention" of Rhetoric. *Scriptura*, 31:14-31, September.
- Cicero, Marcus Tullius. *Ad Atticum*. Volumes I-III. (Loeb Classical Library.) London : William Heinemann. 1953.
- Cicero, Marcus Tullius. *Ad Heremium*. (Loeb Classical Library.) London : William Heinemann. 1954.
- Cicero, Marcus Tullius. *De Oratore*. Volumes I-II. (Loeb Classical Library.) London : William Heinemann. 1948.
- Cicero, Marcus Tullius. *Epistulae ad Familiares*. (Oxford Classical Texts.) Oxford : Clarendon Press. 1964.
- Cicero, Marcus Tullius. *Pro Flacco*. In: Cicero, M.T. *Orationes*. (Loeb Classical Library.) Leipzig : Teubner. pp 357-478. 1906.
- Corbett, E.P.J. 1965. *Classical Rhetoric for the Modern Student*. New York : Oxford University Press.
- Demetrius van Falerom. *De Elocutione*. (Loeb Classical Library.) Cambridge : University Press. 1932.
- Doty, W.G. 1973. *Letters in Primitive Christianity*. Philadelphia : Fortress Press.
- Filostratos. *De Epistulis*. Leipzig : Teubner. 1871.
- Gregorius van Nazianzus. *Epistula*. Berlyn : Akademie Verlag. 1969.
- Grube, G.M.A. 1965. *The Greek and Roman Cities*. London : Methuen & Co.
- Hester, J.D. 1984. The Rhetorical Structure of Galatians 1:11-2:14. *Journal of Biblical Literature*, 103:223-233.
- Hübner, H. 1984. Der Galaterbrief und das Verhältnis von Antiker Rhetorik und Epistolographie. *Theologische Literaturzeitung*, 109:241-250.
- Johanson, B.C. 1987. *To All the Brethren: A Text-linguistic and Rhetorical Approach to 1 Thessalonians*. Stockholm : Almqvist & Wiksell International.
- Julius Victor. *De Epistulis*. In: Halm, C. (red.). *Rhetores Latini Minores*. Leipzig : Teubner. pp. 447-448. 1863.
- Kennedy, G.A. 1984. *New Testament Interpretation through Rhetorical Criticism*. Chapel Hill : University of North Carolina Press.
- Koskenniemi, H. 1956. *Studien zur Idee und Phraseologie des Griechischen Briefes bis 400 nChr*. Helsinki : Akateeminen Kirjakauppa. (Annales Academiae Scientiarum Fennicae, B.)
- Kraftchick, S.J. 1985. *Ethos and Pathos Appeals in Galatians Five and Six: A Rhetorical Analysis*. Atlanta : Dissertation, Emory University.
- Malherbe, A.J. 1988. *Ancient Epistolary Theorists*. Atlanta, Georgia : Scholars Press. (Society of Biblical Literature Sources for Biblical Study, 19.)
- Perelmann, C. & Olbrechts-Tyteca, L. 1969. *The New Rhetoric. A Treatise on Argumentation*. Notre Dame : University of Notre Dame Press.
- Pseudo-Demetrius van Falerom. Τύποι Ἐπιστολικοί. Leipzig : Teubner. 1910.
- Pseudo-Libanius. Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες. In: Foerster, R. (red.). *Libanii Opera*. Volume 9. Leipzig : Teubner. 1927.

- Quintilianus, Marcus Fabius. *Institutio oratoria*. (Loeb Classical Library.) Volumes I-IV. London : William Heinemann. 1947.
- Schnider, F. & Stenger, W. 1987. *Studien zum Neutestamentliche Briefformular*. Leiden : Brill. (New Testament Tools and Studies, 11.)
- Seneca, Lucius Annaeus. *Ad Lucilium Epistulae Morales*. (Loeb Classical Library) Cambridge : University Press. 1928
- Snyman, A.H. 1989. 'n Retoriese indeling van die brief aan Filemon. *Acta Academica*, 21(2):130-144
- Stowers, S.K. 1986. *Letter Writing in Greco-Roman Antiquity*. Philadelphia : Westminster Press.
- Stowers, S.K. 1988. Social Typification and the Classification of Ancient Letters. In: Neusner, J. & Borgen, P. & Frerichs, E.S. & Horsley, R. (eds). *The Social World of Formative Christianity and Judaism*. Philadelphia : Fortress Press. p. 78-90.
- Thurén, L. 1990. *The Rhetorical Strategy of 1 Peter*. Abo : Abo Academy Press.
- Tolmie, D.F. 1986. Die aanwending van die formele brieftrekelemente in die Brief aan die Galasiërs. *Acta Academica*, D(6):19-37.
- Vorster, J.N. 1991. *The Rhetorical Situation of the Letter to the Romans – an Interactional Approach*. Pretoria : University of Pretoria. (D.D. Thesis.)
- White, J.L. 1972. *The Form and Function of the Body of the Greek Letter. A Study of the Letter-Body in the Non-literary Papyri and in Paul the Apostle*. Montana : Scholars Press. (Society of Biblical Literature, Dissertation Series, 2.)
- White, J.L. 1984. New Testament Epistolary Literature in the Framework of Ancient Epistolography. In: Haase, W. (ed.). *Aufstieg und Niedergang der Römischen Welt*. Deel 2, jaargang 25(2). Berlyn : Walter de Gruyter. pp. 1730-1756
- Wuellner, W. 1976. Paul's Rhetoric of Argumentation in Romans. *Catholic Biblical Quarterly*, 38:330-51.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO